23 September 2009

OMSENDBRIEF NR: 16/2009

Geagte Ouers

Na ‘n kwartaal met baie afwesighede van leerders en u as ouers met baie siek kinders wil ek net graag die volgende aan u deurgee:

1. **Personeel:**

‘n Woord van dank aan die personeel wat hard gewerk het om al die ratte van die skool glad te laat werk. Ons besef dat u daarna smag om weer die lat terug te bring klaskamer toe en dat u baie aande tot laat wakker lê oor die vordering of welstand van u leerders.

Geluk aan mev. Nanda Basson met haar verjaarsdag op 25 September 2009. Mag dit vir u ‘n vreugdevolle dag wees.

2. **Sport**

2.1 Skiet:

Tydens die finale Provinsiale skietproewe, het Jano Barnard en Claire du Plessis uitgeblink en onder die top 5 plekke geëindig. In die Veer – geweer klas behaal Jano ‘n silwer medalje en Claire ‘n vierde plek tewyl Claire by die dogters o/13 ‘n silwer medalje verower in die staan posisie.

Claire du Plessis het ook gekwalifiseer vir die onder 13 A-Griekwaland-Wesspan wat aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe in Pretoria gaan deelneem. Baie geluk en baie sterkte.

2.2 Tennis:

NJ Stannard, Jay-D van Zyl en Deanke van Zyl het as deel van ‘n Griekwaland-Wes tennisspan aan ‘n provinsiale toernooi in Welkom gaan deelneem en goed gevaar. Baie geluk!

2.3 Krieket:

N J Stannard, Johan van der Ryst, Rikus Pretorius en Nakkie Duvenhage is opgeneem in die Griekwaland-Wes o/11-Platteland krieketspan.

Hulle het ook aan die Griekwaland-Wes o/11 krieketproewe in Kimberley gaan deelneem. Ons gelukwense aan dié leerlinge met die mooi prestasie.

Niell Stannard, Jay D van Zyl is opgeneem in die Griekwaland-Wes o/13-Platteland krieketspan. Hulle het ook aan die Griekwaland-Wes o/13 krieketproewe in Kimberley gaan deelneem. Ons gelukwense aan dié leerlinge met die mooi prestasie.

2.4 Hokkie:

Tydens ‘n hokkiedag by die skool het die o/11 en o/13 seuns en dogter-spanne gespeel teen Op die Voorpos, Laerskool Sentraal en Laerskool Groblershoop en besonder goed gevaar.

Een o/13 dogters- en twee o/13 seunsspanne het in Kimberley gaan hokkie speel by Kimberley Junior Skool se Hokkiedag en baie goed gevaar.

Die seuns en dogters het ‘n uitputtende dag gehad. Die dogters het 8 wedstryde gespeel. Van die 8 het hulle 3 gewen, 3 verloor en 2 gelykop gespeel. Die seuns het 6 wedstryde gespeel waarvan hulle 1 gewen, twee verloor en 3 gelykop gespeel het.

Ons dank ook aan al die afrigters wat die afgelope kwartaal by die hokkie betrokke was.

2.5 Gimnastiek:

Die volgende gimnaste het medaljes ontvang tydens die Sentrale Sone Gimnastiek kompetisie te Klerksdorp: Jané Knoesen ‘n silwer medalje vir spronge en Tobie Smith ‘n goue medalje vir spronge; brons medalje vir die rekstok en‘n brons medalje vir ‘n algehele derde plek. Baie geluk Jané en Tobie.

Tobie Smith is opgeneem in die Noord-Kaap Gimnastiekspan wat aan die Nasionale Suid-Afrikaanse Kampioenskappe in Pretoria gaan deelneem. Baie geluk en sterkte met die byeenkoms.

2.6 Tweekamp:

Suezette Steenkamp het deelgeneem aan die SA Tweekampkampioenskappe in die Paarl en eindig onder die top 15 atlete. Sy is ook aangewys as die Victrix Ludorum deur Noordwes-Kaap Tweekampvereniging na haar deelname aan die SA Kampioenskappe.

3. Kultuur:

3.1 Skaak:

Na die finale Noord-Kaap skaakproewe is Wian Kruger , Willers Venter, Istvan Mayer en Simeon du Toit opgeneem in die Noord-Kaap span wat aan die Suid-Afrikaanse Skaak kampioenskappe gaan deelneem. Baie geluk en sterkte.

3.2 Senior Koor:

Ons besondere gelukwense aan die Senior Koor wat sowel die Noord-Kaapse as die Nasionale rondte van die South African Schools Choral Eisteddfod gewen het. Hulle was die wenners in die afdeling eie komposisie. Baie geluk aan die koor, Mnr. Engelbrecht en mevv. Kuhn en Nel.

3.3 Redenaars:

Hesna Theron het die skool in Bloemfontein verteenwoordig waar sy in haar afdeling aan die finale rondte van die ATKV se Nasionale Redenaarskompetisie deelgeneem het. Ons is trots op haar.

3.4 Unisa Musiekeksamen:

Tydens die onlangse musiekeksamen presteer ons leerlinge uitstekend.

Slaag met lof [80% en hoër]

Floris Thirion	Gr .1	Blokfluit
Chrisna Oppermann	Gr .1	Klavier
Zaskia Bisschoff	Gr .1	Klavier
Jané Knoesen	Gr .1	Klavier
Connie Conradie	Gr .1	Klavier
Rethe-Mari Lategan	Gr .1	Klavier
Danielle Nel	Gr .2	Klavier
Carla van Wyk	Gr .3	Blokfluit

Slaag met eervolle vermelding: [70% - 79%]

Suria Botma	Vg.1	Klavier
Shaquille Cloete	Gr. 1	Klavier
Carlo Kuhn	Gr .2	Klavier
Christine Becker	Gr .1	Klavier
Gitte Jonas	Gr .2	Klavier
Frances van der Ryst	Gr .3	Klavier
Marilé du Plessis	Gr .3	Blokfluit
Altus Bisschoff	Gr .3	Klavier

Slaag:

Jana Becker	Gr .1	Klavier
Claire du Plessis	Gr .3	Klavier

Baie geluk aan die musiekleerlinge.

3.5. Entrepreneurs:

Tydens die skool se entrepreneursdag aan die einde van die tweede kwartaal was Joline Human en Danielle Nel eerste met The Horse Paradise, Alouwna van der Westhuizen en Rensche Nel met Chip a Dip en F.P. Smit met My Idees gesamentlik tweede en Leandré Esterhuyze en Joané Steenkamp met Crazy Girls derde. Baie geluk!

3.6 Leerlingraad:

Ons gelukwense aan die nuwe leerlingraadslede wat vir die tweede termyn van 2009 gekies is: Ryno Karstens, Alzette van Zyl, Pierre Nel, Mariaan Olivier, Liné du Plessis, Anshin Potgieter, Alouwna van der Westhuizen, Salomé Hanekom, Kokkies van Wyk en Danus Kruger.

3.7 Talentaand:

Het julle geweet Oranje-Noord's-got-talent? Moenie die Talentaand-konsert misloop nie. Koop nou jou kaartjies vir slegs R10 per persoon om teleurstelling te voorkom. Kaartjies te koop by Ster-Kalahari en Laerskool Oranje-Noord se kantoor. Onthou Oranje-Noord's-got-talent-talentaand op 14 Oktober 2009 in Oranje-Noord se skoolsaal. Sien jou daar!

3.8 Rapporte:

Rapporte word op die laaste dag van elke kwartaal uitgedeel. Neem asseblief kennis dat leerlinge hierdie dag hul rapporte self in die klas ontvang voor die skool verdaag. Van die leerlinge word verwag om die skooldag by te woon alvorens hulle 'n rapport sal ontvang. Leerlinge wie afwesig is se ouers mag die rapporte kom afhaal en daarvoor teken. Laasgenoemde reëling geld van 07:00 - 09:30 in die somer en van 07:30 - 10:00 in die winter.

Algemeen:

Aangeheg die datumlys vir die vierde kwartaal van 2009.

Leerlinge kom vanaf die vierde kwartaal met somersdrag skool toe.

Graag herinner ons u aan die algemene oueraand op Maandag,
12 Oktober 2009 om 18:00. Aangeleenthede rakende die skool sal aan u deurgegee word waarna u in die saal met u kind se onderwyser in gesprek kan tree.
Aangesien van die huidige OOV-lede se termyn aan die einde van die jaar verstryk, wil ons graag verneem of u, of as u weet van iemand wat bereid is om te dien op die OOV, met die skool of met mev. Anschen van Blerk

[082 430 9498] sal skakel. Die ideaal is om ‘n verteenwoordiger uit elke graad in die OOV te hê. Ons sal dit baie waardeer indien u u weg sal oopsien om vir ons in hierdie verband behulpsaam te wees.

Alle skoolfonds moet teen 31 Oktober 2009 vereffen wees. Alle uitstaande rekeninge van 2009 sal teen die einde van Januarie 2010 aan ons prokureurs vir invordering oorhandig word.

Ons opregte dank aan elke leerder, ouer en borg wat die afgelope kwartaal se insamelingspogings deur middel van die inkleurkompetisie en kaskarwedrenne van die OOV ondersteun het. Dit word opreg waardeer. Dankie ook aan al die OOV-lede vir hul harde werk.

Die OOV bied ook ‘n damestee met Elsabe Aldrich op 17 Oktober 2009 om 09:30 in die skoolsaal aan. Vir inligting kan u vir Anschen van Blerk kontak by 0824309498.

Ons Seniorkoor bied ‘n konsert, insamewerking met die Upington Dorpskoor en die baie bekende H-Man op 17 Oktober 2009 om 19:30 in ons skoolsaal aan. Kaartjies beloop R60 per volwassene en R40 per kind en kan by Mnr. Engelbrecht gekoop word.

My dank ook weereens aan elke kollega vir hul harde werk die afgelope kwartaal. Mag u die vakansie gebruik om heerlik uit te rus.

Geniet die vakansie saam met u kind/ers.

Vriendelike groete

PD VAN DER MERWE
SKOOLHOOF

Gordon Alport skryf: “ Die lewe het soveel knope wat nie losgemaak kan word nie, maar humor is die enigste swaard wat geskik is om dit los te wikkel.”